**AFRIKAANS HUISTAAL: WEEK 5**

**GRAAD 4 – Mev. E. van der Westhuizen**



**NOTA AAN LEERDERS:**

- Hallo julle!
- Ek mis julle so baie dat ek dit goedgedink het om die volgende reëling te tref:
  - Dit is egter nie verpligtend nie, maar ek sal dit baie waardeer as (sodra jy jou toespraak baie goed ken), iemand by die huis jou toespraak kan afneem en dit dan per e-pos vir my stuur. Dan weet jy ook dit is afgehandel en jy hoef dit nie aanmekaar te leer totdat die skool weer begin nie.
  - My e-pos adres is: gerhard.lz@wol.co.za.
  - Ek sien verskriklik daarna uit om weer julle gesiggies te kan sien!
- Hierby ingesluit is 'n lys met spelwoorde vir die volgende paar weke. Leer elke dag 'n paar woordjies en skryf jou eie speltoetsie elke Vrydag (of enige dag van die week soos dit jou pas en sodra jy dit 100% ken). Vra iemand by die huis om vir jou die woordjies te vra.
- Onthou! Jy leer spelwoorde deur dit 'n paar keer uit te skryf.
- Hierdie week leer jy Week 5 se spelwoorde.
- Moenie die bladsye weggooi waarop jy die speltoets geskryf het nie. Jy kan alles net vaskram of bymekaar in 'n sakkie bêre totdat ons mekaar weer sien.
- Onthou asseblief om jou werk volgens die memorandums te merk, moenie kroek nie en moenie agter raak nie.
- Hier volg Week 5 se werk!

- Ek sien uit na jou toespraak!
- Lekker werk! Lekker speel!
- Doen jou bes en God doen res!
- ONTHOU! Jy's 'n YSTER!!




*********************



# SPELWOORDE

*Jippie!!! Lekker!!!* *Spelwoorde maak jou superslim!!!*

Leer weekliks die volgende spelwoorde en maak seker jy verstaan die betekenisse van die woorde. Indien jy nie die woord verstaan nie, gebruik 'n woordeboek of jou handboek om die woord op te soek en skryf dit neer. Hou die bladsy met die betekenisse van die woorde wat jy nie verstaan het nie by die betrokke week se werk in 'n pakkie/sakkie/leêr/flipfile. **Lekker leer! Ek weet jy KAN!**


| NR. | WEEK 5 | WEEK 6 | WEEK 7 | WEEK 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1. | sappige | dankbaar | knoffel | instruksieteks |
| 2. | soebat | tou | borrie | dubbelpunt |
| 3. | moeite | lag | bouillabaisse | hoendersop |
| 4. | oortuig | grappies | bestanddele | aftrekselblokkies |
| 5. | skrik | leeu | stoofplaat | voornaamwoorde |
| 6. | knaag | muis | steurgarnale | bloukaassop |
| 7. | vasgebind | skaterlag | pietersielie | meelmengsel |
| 8. | kreun | giggel | lourierblare | koljander |
| 9. | jagters | vermaak | stokvis-filette | cheddarkaas |
| 10. | gevang | fabel | toonset | opsioneel |



<table>
<tr><th>DAG</th><th>TEMA</th><th>WEEK</th><th>AFDELING</th><th colspan="2">OPDRAG en AKTWITEIT</th></tr>
<tr><td rowspan="3">1</td><td rowspan="6"><br><br>**8: Wie laaste lag**<br><br></td><td rowspan="6">**5**</td><td rowspan="2">**Luister** en **lees**<br><br>**Storietyd!**<br><br><br><br>**FABELS**</td><td colspan="2">**WAT IS ‘N FABEL?**<br><br>‘n Fabel is ‘n **kortverhaal**, dikwels met ‘n **sedeles/lewensles** (*‘n les waaruit jy iets kan leer*), waarin menslike gebreke (*iets slegs*) en deugde (*iets goeds*) deur diere uitgebeeld word.<br><br>Lees ook **Kenmerke van ‘n fabel** op bl. 73 van jou handboek.</td></tr>
<tr><td>**Luister** na die storie.</td><td>https://youtu.be/BE5u2XOyq0M<br><br>Gaan in op die skakel en **luister** na die storie van Haas en Skilpad. As jy nie op die skakel kan ingaan nie, kan jy die onderstaande storie **lees**.<br><br>Ek glo julle ken dit al, luister maar weer en beantwoord die vrae op bl. 72 nr. 1 en 2</td></tr>
<tr><td colspan="3">Indien jy nie na die storie kan **luister** nie, kan jy hierdie weergawe daarvan **lees**:<br><br>**Die skilpad en die haas**<br><br>Skilpad en Haas stry oor wie die vinnigste kan hardloop.<br>“Jy sal my nooit in ’n resies kan wen nie,” sê Haas.<br>“Hmm,” sê Skilpad. “Miskien is dit so, miskien nie.”<br>“Dit is so. Ek sal jou lag-lag wen,” sê Haas. “Ek kan baie vinniger hardloop as jy.”<br>“Dit beteken nog nie dat jy sal wen nie,” sê Skilpad.<br>“Dan moet ons resies hardloop,” sê Haas.<br>Die wedren word gereël.<br>“Ek wag vir jou by die wenpaal,” skree Haas en spring weg dat die stof so staan.<br>“Miskien” sê Skilpad en drafstap agter Haas aan.<br>Na ’n rukkie kyk Haas om. Hy kan Skilpad nêrens sien nie. Dis baie warm en hy gaan sit in die skadu onder ’n boom. Skilpad sal hom tog nooit inhaal nie! Hy maak sy oë toe.<br>’n Ruk later kom Skilpad by die boom verby. Hy sien vir Haas slaap. Hy rek sy bene nog langer en drafstap verder.<br>Toe Haas wakker skrik, hardloop hy vinnig wenpaal toe. En daar staan Skilpad al vir hom en wag.<br>“Sien jy nou,” sê Skilpad. “Wat help dit dat jy vinnig is? Terwyl jy lê en slaap het, het ek aanhou stap en jou lag-lag verbygesteek!”<br>Terwyl Haas nog verbaas rondstaan, draai Skilpad om en begin huis toe stap. Hy weet dat Haas vandag sy les geleer het: Wie laaste lag, lag die lekkerste!</td></tr>
<tr><td>2</td><td>**Tref met taal**</td><td>Leer en verstaan idiome</td><td>**Lees** die idiome onderaan bl. 72, Tref met taal. **Leer** elkeen se betekenis.</td></tr>
<tr><td>3</td><td rowspan="2">**Lees** en **kyk**</td><td>Teks 1: ‘n Fabel bl. 74</td><td>Lees die Fabel op bl. 74. Beantwoord vrae nr. 1 - 9</td></tr>
<tr><td>4</td><td>Teks 2: Grappies bl. 75, 76</td><td>Lees die grappies op bl. 75. Beantwoord vrae nr. 1 – 8 bl. 76</td></tr>
</table>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 | | | **Skryf** | Gebruik bl. 79 as 'n riglyn en skryf jou eie fabel.<br><br>ONTHOU:<br>* Kies dierekarakters vir jou fabel<br>* Besluit wat die lewensles gaan wees<br>* Jy hoef nie *Die leeu en die muis* te gebruik nie, jy kan jou eie dierekarakters kies<br>* Lekker skryf! Wees kreatief!<br><br>ONTHOU!<br>As jy nog nie jou speltoetsie (Week 5-woorde) geskryf het nie, is vandag jou toetsdag. |

| |
|---|
| *Besigbly-aktiwiteite (nie verpligtend):* Google classroom soos reeds verduidelik.<br>Onthou om jou toespraak te leer en vir my te stuur. (*as jy kan*) |



## MEMORANDUM

**DAG 1:**

Luister mooi na die fabel van Haas en Skilpad. (Lees, as jy nie die skakel kan oopmaak nie)

Vrae bl. 72 nr. 1 en 2

1. a) vinnigste b) wedren c) wenpaal (net dit aangesien dit so in die teks staan)
   d) stof e) boom f) geslaap
2. d) Moenie te vinnig bly raak oor iets nie, want dinge kan anders verloop as wat jy verwag het.

**DAG 2:**

Leer en verstaan die gegewe idiome

**DAG 3:**

Teks 1: 'n Fabel bl. 74 nr. 1 - 9

1. Nee, hy dink die vis sal lekker smaak al is dit 'n klein vissie. ("sappige happie").
2. Die vis dink hy is te klein om geëet te word en dat die visser hom nie eens sal proe nie.
3. Die visserman sal nog baie ander visse moet vang; aangesien hy so klein is.
4. Aangesien die vis so klein is, sal die vissie hom nie versadig maak nie.
5. Ja, die visser dink die vissie sal hom weer laat vang as hy groot is.
6. Nee, die vissie is, want hy het die visserman oortuig om hom in die see terug te gooi.
7. Moenie te vinnig bly raak oor iets nie, want dinge kan anders verloop as wat jy verwag het.
8. Die vissie het die visserman oortuig dat hy sal terugkom as hy groter is.
9. Eendag vang 'n visserman 'n klein vissie.
   Die vissie probeer die visserman oorreed om hom terug in die water te gooi.
   Die visserman word deur die vissie oorreed.
   Die visserman besluit toe om die vissie in die see terug te gooi en hom later te vang as hy groot is.

**DAG 4:**

Teks 2: Grappies bl. 75, 76 nr. 1 - 8

1. Dit is iemand wat sitplekke vir mense in 'n teater/funksie/geleentheid aanwys.
2. Die leser dink aanvanklik hy skrik vir die beer.
3. Hy sien die beer eet "popcorn" (springmielies) en dis onmoontlik, want die masjien was dan stukkend.
4. Die skottelgoed (borde, messe en vurke) lyk vir hom vuil.
5. As jy iemand beledig/slegsê/onvanpas optree
6. Die borde is met water en seep gewas.
7. Nee, hy voel "lugtig". Dit beteken hy is steeds versigtig/vertrou nie die situasie nie.
8. Die vrou se honde

**DAG 5**:

**Skryf jou eie fabel**

Skryf **speltoets** as jy nog nie op 'n ander dag in die week geskryf het nie.



**Jy is 'n YSTER!!!**



